

HOOFSTUK 5

DIE PRAKTIESE UITVOERING VAN 'N BEHOEFTEBEPALING VIR AKADEEMIESE STEUNGEWING AAN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE, TECHNIKON PRETORIA

5.1 INLEIDENDE ORIËNTERING

Vanuit die literatuur (Kaufman & English, 1979:8; Krüger, 1980:35; Saylor, Alexander & Lewis, 1981:190; De Boer, 1992:53) is dit duidelik dat daar 'n wesentlike verskil in die betekenis en gebruik van die sinonieme begrippe “situasie-analise” en “behoeftebepaling” bestaan wat vervolgens kortliks bespreek word.

Die begrip “situasie-analise” word deur Krüger (1980:35) soos volg gedefinieer:

... die geheeloorsig oor die terrein wat gedek wil word in 'n bepaalde onderrigsekwens en die daaruitontspringende doelstelling of voorneme met die onderrig.

Die omvattendheid van 'n situasie-analise is dus daarin geleë dat dit die bestaande sowel as die te bereikte situasie wat deurskou moet word, insluit (Krüger, 1980:35). Die begrip “situasie-analise” is dus 'n allesomvattende en komplekse analitiese proses wat die totale onderwysgebeure omsluit. Dit sluit in al die faktore, ook determinante genoem, naamlik die leerder, die vakwetenskap, die gemeenskap en die opvoedingsfilosofie. Hierdie faktore word op gelyke voet aangespreek binne die totale situasie waarin dit teenwoordig is (Mostert, 1985:48).

Die begrip “behoeftebepaling” word in die literatuur (Kaufman & English, 1979:8; Knoetze, Kachelhoffer & Malan, 1987:10; De Boer 1990:43-46) as 'n onderdeel van 'n situasie-analise beskryf. Derhalwe is dit ondergeskik aan 'n situasie-analise. Dit gaan daarom om spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes te identifiseer. Die begrip “behoeftebepaling” dui verder op die verpraktisering van die begrip “situasie-

analise” deurdat dit toekomstgerig is en die uitval tussen gerealiseerde en verlangde uitkomst bepaal. Die begrip “behoeftebepaling” is dus nie beperk tot bestaande doelwitte nie maar kan in die praktyk aangewend word om nuwe doelwitte vanuit die geïdentifiseerde behoeftes af te lei en dit in prioriteitsvolgorde te plaas (Pratt, 1980:79). Die begrip “behoeftebepaling” is dus kleiner in omvang en sinoniem aan die begrip “needs assessment” wat gedefinieer word as:

... a formal process which determines the gaps between current outputs or outcomes and required or desired outcomes or outputs; places these gaps in priority order, and selects the most important for resolution (Kaufman & English, 1979:8).

Die prosedure vir die uitvoering van ‘n behoeftebepaling word vervolgens kortliks beskryf.

5.2 PROSEDURE VIR DIE UITVOER VAN ‘N BEHOEFTEBEPALING

‘n Behoeftebepaling is ‘n deurlopende proses. Dit bestaan uit ‘n rangorde van prosedures wat insluit die identifisering en bekragtiging (of geldigverklaring) van behoeftes en die vasstelling van prioriteite tussen die geïdentifiseerde behoeftes (Pratt, 1980:79).

Die behoeftebepalingsmodel wat geïmplementeer is met die oog op die bepaling van behoeftes rakende akademiese steungewing aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria, is die sisteembenaderingsmodel van Kaufman en English (1979). Hulle beskryf hierdie model as:

... a formal planning and doing process which intends to identify and meet defined, validated, and justified needs. It includes the identification of problems based upon needs, the determination of solution requirements and the

identification of solution alternatives (Kaufman & English, 1979:346).

Vanuit die literatuur is dit duidelik dat die sisteembenaderingsmodel geskik is vir die identifisering en oplossing van probleme. Hierdie model bied, volgens Kaufman en English (1979:346), die geleentheid en moontlikheid om te identifiseer, te definieer, te verantwoord, te ontwerp, te implementeer, te evalueer en die sisteme vanaf die vertrekpunt te hersien.

Die sisteembenaderingsmodel word vervolgens in meer besonderhede beskryf.

5.2.1 Die funksionele stappe in die sisteembenaderingsmodel

Die sisteembenaderingsmodel wat ook die probleemfokus-benadering (Kaufman & English, 1979:346) genoem word, sluit in die formele beplanning en uitvoering van 'n proses waarvolgens geldige behoeftes geïdentifiseer en aangespreek moet word. Kenmerkend van die model is dat:

- die beplanning as pragmaties beskou word;
- die probleem eerstens geïdentifiseer word en tweedens daar gepoog word om oplossings te verkry;
- daar vanaf 'n eksterne verwysing (ook genoem referent) wat uniek is, vertrek word (De Boer, 1992:80).

Die sisteembenaderingsmodel word breedvoerig deur De Boer (1992:80-82) beskryf. Weens die belangrikheid vir hierdie studie word die ses funksionele stappe soos van toepassing op die sisteembenaderingsmodel vervolgens kortliks aan die orde gestel.

5.2.1.1 Stap 1 - Die identifisering van probleme aan die hand van behoeftes

Hierdie eerste funksionele stap van die sisteembenaderingsmodel behels die bepaling van leemtes met betrekking tot die bestaande uitkomst deur vanaf die verlangde uitkomst na die bestaande uitkomst terug te werk. Daarna word die geïdentifiseerde

tekortkominge/leemtes in prioriteitsvolgorde geplaas. Die rede hiervoor is dat die belangrikste tekortkominge/leemtes eerste aangespreek kan word.

5.2.1.2 Stap 2 - Die eise wat gestel word vir die identifisering van alternatiewe oplossings

Gedurende die tweede funksionele stap van die sisteembenaderingsmodel word die probleemoplossing beplan en die uitvoerbaarheid daarvan bepaal aan hand van die wetenskaplik-verantwoordbare leemtes wat gedurende die verloop van Stap 1 geïdentifiseer is. Die vereistes wat aan die moontlike oplossings gestel word, word geïdentifiseer, waarna alternatiewe oplossings vir 'n spesifieke probleem aan die hand gedoen word.

5.2.1.3 Stap 3 - Die selektering van 'n oplossing

Die metodes wat gebruik word om 'n geïdentifiseerde probleem op te los, word bepaal deur die beste moontlikhede om die spesifieke probleem op te los. Die belangrikheid dat die middel/metode wat geselekteer word aan die vereistes van meetbaarheid moet voldoen, word beklemtoon.

5.2.1.4 Stap 4 - Die implementering van die geselekteerde metode

Dit word duidelik gestel dat die meeste benaderings hul vertrekpunt in Stap 4 neem, nadat die behoeftes geïdentifiseer is. Verskeie behoeftebepalingspakkette wat vir hierdie doel aangewend kan word, is beskikbaar. Indien die metodes wat gedurende die verloop van Stap 3 geselekteer is nie beskikbaar is nie, moet die nodige pakkette óf ontwikkel óf aangekoop word en moet personeel in die gebruik daarvan opleiding ontvang.

5.2.1.5 Stap 5 - Formatiewe evaluering

Die kontinue evaluering van die proses, met ander woorde die voortdurende bepaling of daar aan die verwagte vooropgestelde vereistes voldoen word, is gedurende Stap 5 baie belangrik.

5.2.1.6 Stap 6 - Summatiewe evaluering

Gedurende die verloop van Stap 6 vind summatiewe evaluering plaas. Dit behels die finale beoordeling en bepaling van die sukses wat behaal is. Die geselekteerde en spesifieke oplossingsmetode word dus in werking gestel, die sukses daarvan word gemeet en bepaalde leemtes word uitgewys en aangespreek.

Die doel met die uitvoering van die behoeftebepaling vir die onderhawige studie is:

- eerstens om die spesifieke behoeftes en/of leemtes wat negatief inwerk op die akademiese prestasie van alle eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria, te identifiseer;
- tweedens om die geïdentifiseerde behoeftes en/of leemtes te prioretiseer;
- derdens om moontlike oplossings daar te stel wat die akademiese prestasie van die vermelde studente sodanig positief te beïnvloed dat die slaagsyfer verhoog word.

Die beplanningsvennote wat vir die uitvoering van 'n behoeftebepaling vir die onderhawige studie geselekteer is, word vervolgens kortliks bespreek.

5.2.2 Beplanningsvennote

Vanuit die literatuur bestaan daar nie eenvormige voorskrifte vir die uitvoering van 'n wetenskaplik-verantwoordbare behoeftebepaling nie, alhoewel dit onder andere impliseer dat die determinante (faktore) wat 'n regstreekse invloed op die betrokke probleem kan uitoefen, geïdentifiseer en beskryf moet word.

Indien 'n algemene behoeftebepaling uitgevoer word, behoort die volgende groepe persone volgens Pratt (1980:81-84) gekonsulteer te word, naamlik:

- (1) *people who have the right to be consulted;*
- (2) *people whom it is politically expedient to consult and*
- (3) *people who have special insight or expertise.*

Aangesien 'n behoeftebepaling die gevolg van 'n situasie-analise is, word die beplanningsvennote wat breë inspraak in die onderwysgebeure moet hê, vanuit die navorsingsliteratuur, gestel as die:

- gemeenskap;
- leerder;
- vakwetenskap (leerinhoud).

'n Vierde beplanningsvennoot, naamlik onderwysfilosofie, moet egter volgens De Boer (1992:55) ingesluit word as 'n beplanningsvennoot en derhalwe maak sy die stelling dat:

... alle insette wat die mens rakende onderwysgebeure lewer en alle besluite wat daaroor geneem word, primêr deur die spesifieke filosofie wat onderliggend aanwesig is, beïnvloed word.

Die feit dat onderwys, en dus ook tersiêre onderwys, 'n sterk vennootskapskarakter vertoon weens onder andere die onderliggende interaksie wat die onderskeie beplanningsvennote met mekaar het, vereis dat 'n situasie-analise as 'n eenheid beplan moet word. Die behoeftebepaling van die onderhawige studie is afgestem op die identifisering van die spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat die eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria ervaar. Die gemeenskap as beplanningsvennoot word vervolgens kortliks bespreek.

5.2.2.1 Die gemeenskap (insluitend Technikon Pretoria) as beplanningsvennoot

Die term gemeenskap word in die literatuur beskryf as om aan iets deel te hê saam met 'n ander, dit is dus 'n aantal individue (menslik, dierlik, plantaardig) wat 'n samehorige groep vorm (Ondendal *et al* 1985:265). Om as 'n gemeenskap geklassifiseer te word, moet die lede iets in gemeen hê en word die kultuur van 'n gemeenskap deur Zais, soos aangehaal in De Boer (1992:68), beskryf as die sosiale sement wat bestaan uit die



kenmerkende gewoontes, ideale, houdings, oortuigings en denkwyses van 'n besondere groep, wat in mekaar gevleg en ook interafhanklik is.

Die onderwysvoorsieningstelsel word aan 'n gemeenskap beskikbaar gestel om onder andere in sy mensekragbehoefte te voorsien, die gemeenskap se waardes te onderhou, te bevorder en te aktualiseer. Dit is ook logies dat die gemeenskap sekere toekomsverwagtinge koester wat deur middel van die onderwysgebeure moet realiseer. Dit behoort dus duidelik te wees dat daar 'n noue verband tussen die gemeenskap as beplanningsvenoot en 'n tersiêre onderwysinrigting bestaan.

Volgens De Boer (1992:69) moet dit egter beklemtoon word dat daar nie alleen gekyk moet word na die behoeftes van die leerders in verhouding tot die gemeenskap nie, maar ook na die behoefte van die gemeenskap in verhouding tot die student. Hierdie twee vlakke van behoeftes is soms konvergerend, divergerend of 'n spieëlbeeld van mekaar. Derhalwe vereis die ontleding van die gemeenskap se behoeftes kennis van die sosiale wetenskappe terwyl die ontleding van die individu se behoeftes afhanklik is van kennis rakende die gedragswetenskappe.

Die konstant veranderende behoeftes van die gemeenskap lei eerstens daartoe dat 'n gemeenskap nooit staties bly nie maar deurlopend verander. Tweedens lei dit daartoe dat dié veranderinge 'n hoë prioriteit binne die onderwysgebeure moet geniet ten einde voorsiening te maak vir die bevrediging van die veranderende behoeftes.

Met inagneming van Technikon Pretoria se:

- ontstaan en ontwikkeling (vergelyk paragraaf 2.5);
- missie, visie, hoofsaak en waardestelsel (vergelyk paragraaf 2.6);
- onderwysfilosofie (vergelyk paragraaf 2.7);
- beheerstrukture (vergelyk paragraaf 2.8) en
- groei in studentetal vir die periode 1987-1998 (vergelyk paragraaf 2.9.1)

is dit duidelik dat daar 'n noue verband tussen die gemeenskap en Technikon Pretoria bestaan deurdat die konstant veranderende behoeftes van die gemeenskap bevredig word

deur onder meer 'n bydrae tot die voorsiening van mensekragbehoefes te lewer en ook die gemeenskap se waardes te onderhou, te bevorder en te aktualiseer.

Vervolgens word die leerder as beplanningsvennoot kortliks bespreek.

5.2.2.2 Die leerder (student aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria) as beplanningsvennoot

'n Presiese beskrywing van die grense waar pedagogiese begeleiding (kinderbegeleiding) in andragogiese begeleiding (volwassenebegeleiding) oorgaan is nie moontlik nie deurdat die modale ineengevlegtheid van die mens in sy leefwêreld nie misgekyk kan word nie. Volgens De Boer (1992:57) word daar algemeen aanvaar dat hierdie 'n geleidelike staat van oorgang vanuit die een modus (lewenstydperk) byvoorbeeld laatadolessensie na die volgende, naamlik vroeë volwassenheid is en dat die eerste- of selfs tweedejaarstudent nie summier as 'n volwassene beskou kan word nie.

Vanuit die missie, visie, hooftaak en waardestelsel van Technikon Pretoria (vergeelyk paragrawe 2.5 en 2.6) is dit duidelik dat die algemene vorming van 'n individu tot 'n verantwoordelike, ewewigtige volwasse mens een van die hooftake van Technikon Pretoria is. Die klem word dus nie net op die aanleer van suiwer akademiese kundighede en vaardighede geplaas nie, maar ook op die aanleer van lewensvaardighede (*life skills*) wat nodig is om in 'n komplekse samelewing te oorleef.

Weens onderlinge verskille tussen technikonstudente, byvoorbeeld aanleg, belangstelling, beroepsgerigtheid, gemotiveerdheid en intelligensie waarmee hulle hul tersiêre (teknikon-) onderwys aanpak is dit nie moontlik om 'n akkurate beskrywing van hulle te gee nie. Die algemene kenmerke van die teikengroep is in die volgende hoofstukke vervat:

- ♦ In hoofstuk 2, paragrawe 2.9.1 - 2.9.6 en 2.10 word statistiese gegewens rakende Technikon Pretoria en die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe verskaf en die volgende aan die orde gestel, naamlik die:



- verandering in die profiel van die studentepopulasie te Technikon Pretoria;
 - onderverdeling, per fakulteit en kampus, van die studentetal, te Technikon Pretoria, vir 1998;
 - aantal registrasies per studierigting, te Technikon Pretoria, vir 1998;
 - slaagsyfer, te Technikon Pretoria, vir 1997;
 - kwalifikasies toegeken aan Technikon Pretoria gedurende 1997;
 - profiel van die studentepopulasie aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe.
- ◆ Hoofstuk 5, paragraaf 5.4.1, vervat statistiese gegewens rakende die persoonlike besonderhede van die respondente. Die volgende kenmerke word aan die orde gestel is, naamlik die:
- persoonlike inligting, met ander woorde geslagsverdeling, ouderdomverspreiding, inskrywingstatus, gebied van herkoms en etniese samestelling;
 - gesinsagtergrond, met ander woorde grootte van gesin, huwelikstatus van ouers/voogde en vlak van onderwys en/of opleiding van die ouers/voogde;
 - sosio-ekonomiese status, met ander woorde die tuiste terwyl respondent studeer, vervoer wat van en na die kampus gebruik word, vereffening van studiegelde en die beskikbaarheid van fondse om voorgeskrewe studiemateriaal aan te koop;
 - persepsie van respondent of hy/sy die kursus waarvoor geregistreer is binne die voorgeskrewe minimum tydperk sal voltooi;
 - persepsie oor die moontlikheid om werk, na afstudering te kry, binne die beroepsfeer waarbinne die respondent onderwys en opleiding ontvang het.
- ◆ Paragraaf 5.5, verskaf statistiese gegewens rakende die respondent se sekondêre skoolfase. Die volgende kenmerke word onder meer aan die orde gestel, naamlik die:

- jaar waartydens die matrikulasie-eksamen afgelê is;
- matriekprestasie vir 1996.

Vervolgens word die onderwysfilosofie as beplanningsvennoot kortliks bespreek.

5.2.2.3 Die onderwysfilosofie (van Technikon Pretoria) as beplanningsvennoot

Die onderwysfilosofie vir die technikonwese, in Suid-Afrika, wat dus alle teknikons omsluit, is gedokumenteer in onder meer die volgende bronne:

- Departement van Nasionale Opvoeding (NASOP 02-118), naamlik **Nasionale Opvoedingsbeleid. 'n Onderwysfilosofie vir Technikonwese**, 1988: 26-31;
- Departement van Nasionale Opvoeding (NASOP 02-150), naamlik **Vereistes vir Nasionale onderrigprogramme aan Teknikons**, 1988:4-10;
- die onderskeie missies van die volgende teknikons in Suid-Afrika, naamlik Border, Kaapstad, ML Sultan, Natal, Noord-Gauteng, Port Elizabeth, Pretoria, SA, Skiereiland, Vaaldriehoek, Vrystaat en Witwatersrand.

Die onderwysfilosofie van die technikonwese in Suid-Afrika het sy beslag gekry in 'n adviesraad van die minister van Nasionale Opvoeding wat slegs die breë riglyne vir alle aspekte van technikononderwys daargestel. Alle teknikons opereer egter steeds bestuursmagtig en akademies outonoom.

In die lig hiervan het die personeel van Technikon Pretoria, onder voorsitterskap van die Adjunk-Visekanselier (Akademies), prof NP du Preez, 'n eie onderwysbeleid geformuleer wat breedvoerig beskryf word in paragraaf 2.7 van hierdie studie. Vervolgens word die vakwetenskap, ook genoem die leerinhoud, as beplanningsvennoot beskryf.

5.2.2.4 Die vakwetenskap (leerinhoud en lewensvaardighede) as beplanningsvennoot

Tyler, soos aangehaal in De Boer (1992:66), omskryf die begrip leerinhoud as “... *body of knowledge*”. Vir die doeleindes van hierdie studie word met vakwetenskap egter meer bedoel as net blote kennis (*body of knowledge*). Dit sluit ook aspekte soos entrepreneurskap, informasie- en kommunikasietegnologie, navorsing en ontwikkeling werksetiek/beroepsetiek in, wat breedvoerig bespreek word in paragraaf 2.7 van hierdie studie.

Met inagneming van die kwalifikasiestruktuur van die technikonwese (vergelyk paragraaf 2.3) is dit duidelik dat teknikons ‘n wye verskeidenheid van beroepgefokuse onderrigprogramme op tersiêre vlak aanbied. Die tersiêre vlak van aanbieding vereis dat sekere minimum bekwaamhede en ander opleidingspotensialiteite, byvoorbeeld vaardighede en gesindhede van technikonstudente verwag word. Dit hou in dat die student ook in die algemeen gevorm moet word. Hierdie algemene vorming impliseer dat die student meer as net akademies gevorm moet word. Vorming met betrekking tot onder meer sosiaal aanvaarbare gedrag, die kweek van positiewe gesindhede, die nastrewing van bepaalde waardes en etiese kodes, asook norme en standaarde behoort deel te vorm van enige leerprogram. Die Wet op die Kwalifikasie Owerheid (Wet 58 van 1995), soos bespreek in paragraaf 2.2.10, het onder meer tot gevolg dat die aanleer van lewensvaardighede (*life skills*) nie meer verskans hoef te wees in die sogenaamde *hidden curriculum* nie, maar deel is en vorm van die hoofstroom akademiese aktiwiteite. Nie net moet die aanleer van lewensvaardighede ‘n integrale deel van die kurrikulum wees nie, maar behoort dit vervat te wees in die onderwysfilosofie van ‘n opvoedkundige inrigting, soos dit wel die geval is met Technikon Pretoria (vergelyk paragrawe 2.6 en 2.7).

Die tekort aan sekere lewensvaardighede is deur die studente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria geïdentifiseer. Hulle persepsies ten opsigte van verskillende aspekte word in bepaalde paragrawe vervat:



- paragraaf 5.5.5 handel oor die respondente se aanduiding van die lewensvaardighede waarvoor sekondêre onderwys hulle nie vir tersiêre onderwys voorberei het nie;
- paragraaf 5.6.1 rapporteer oor die respondente se beleving van 'n gaping tussen sekondêre en tersiêre onderwys;
- paragraaf 5.6.2 gee die respondente se persepsie ten opsigte van hul tevredenheid met die akademiese oriënteringsprogram te Technikon Pretoria weer;
- paragraaf 5.6.3 dui aan wat die respondente se reaksie was ten opsigte van daardie lewensvaardighede wat hulle graag in 'n akademiese oriënteringsprogram aangespreek sou wou hê;
- paragraaf 5.7 rapporteer oor die respondente se identifisering van tekortkominge met betrekking tot studievaardighede en -tegnieke;
- paragraaf 5.8 rapporteer oor die respondente se identifisering van al die faktore wat volgens hulle op hul akademiese prestasie impakteer.

Vervolgens word die vraelys wat as navorsingsinstrument is, aan die orde gestel.

5.3 DIE VRAELYS AS NAVORSINGSINSTRUMENT

Die navorser het besluit om die vraelys as navorsingsinstrument te selekteer en wel om die volgende redes:

- die reikwydte van 'n vraelys;
- die feit dat 'n verteenwoordigende steekproef getrek kan word;
- die statistiese hanteerbaarheid van 'n vraelys;
- die navorser word in staat gestel om geldige uitsprake te kan maak.

Die proses wat deur die navorser in die opstel van die vraelys gevolg is, word vervolgens aan die orde gestel.

5.3.1 Die opstel van die vraelys

Na aanleiding van 'n studie van vroeëre en kontemporêre literatuur (vergelyk hoofstuk 2, 3 en 4) sowel as die voer van ongestruktureerde onderhoude met onder meer:

- eerstejaarstudente, dosente, departementshoofde en die Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria;
- kundiges op die gebied van akademiese steungewing aan studente en dosente;
- navorsingkundiges;

is spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes geïdentifiseer en in prioriteitsvolgorde geplaas. Vir hierdie doel is van 'n frekwensietabel gebruik gemaak waarin die sestien belangrikste probleme wat deur die beplanningsvennote geïdentifiseer is, in prioriteitsvolgorde geplaas is, en wel soos volg:

- onkunde met betrekking tot die algemene reëls en regulasies van Technikon Pretoria;
- hoë werkslading en vinnige tempo van tersiêre studies;
- studiemetodes en -tegnieke;
- verskille in onderrigmetodiek tussen sekondêre en tersiêre onderwys;
- ontoereikende akademiese oriëntering by die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria;
- eksamenmetodes en -tegnieke;
- ontoereikende akademiese steungewing en -ontwikkeling vir studente en dosente te Technikon Pretoria;
- klasboikotte (studente-onrus en wegblyaksies);
- rekenaargeletterdheid;
- spanning en stres;
- finansiële probleme;
- taalbeleid van Technikon Pretoria;
- ontoereikende beroepsoriëntering/-voorligting;



- aanpassingsprobleme by Technikon Pretoria;
- ander kulture, gelowe en etniese groeperinge;
- kommunikasievaardighede en -tegnieke.

Hierdie spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat deur die beplanningsvennote geïdentifiseer is, is as basis gebruik vir die opstel van 'n konsepvraelys. Hierdie konsepvraelys is versprei onder kundiges (sien Bylaag 4) wat hul insette gelewer het met die oog op die verfyning van die vraelys. Na afloop van drie rondtes insette is die finale konsepvraelys aan die Navorsingskomitee van Technikon Pretoria ingedien op 30 Maart 1997 vir hul goedkeuring en toestemming om die vraelys aan Technikon Pretoria te versprei. Die goedkeuring en toestemming tot verspreiding is op 30 April 1997 van die Adjunk-Visekanselier (Navorsing en Strategiese Inisiatiewe), wat ook die voorsitter van die vermelde komitee is, verkry.

Alle insette is as ewe belangrik beskou en in die volgende kategorieë geklassifiseer. Dit het betrekking op:

- die formaat en nommering;
- die kodifisering;
- die herformulering van vrae ten einde alle onduidelikheid uit die weg te ruim;
- die byvoeging van vrae om response op sekere aspekte verder te nuanseer ten einde 'n duideliker beeld te verkry;
- die weglating en kombinerings van vrae ten einde die vraelys so kort as moontlik te hou;
- die inbou van kontrolevrae waardeur die response op twee vrae met mekaar vergelyk kan word om die eerlikheid van die respondent te kan meet;
- korrekte taalgebruik, sodat die Afrikaanse en Engelse weergawe van die vraelys dieselfde lees en beteken;
- taalversorging van die hele dokument.

Na afloop van die goedkeuring wat verkry is vanaf die Navorsingskomitee, is die vraelys na professionele drukkers geneem en is 1 300 vraelyste gedruk.

Die samestelling van die vraelys word vervolgens aan die orde gestel.

5.3.2 Samestelling van die vraelys

Volgens Landman en Van der Merwe (1988:1) bestaan daar drie soorte vraelyste waarvan gebruik gemaak kan word, naamlik:

- die groepsvraelys;
- die onderhoudsvraelys (onderhoudskedule);
- die versendingsvraelys (posvraelys).

Vanuit die voorafvermelde drie tipes het die skrywer die gestruktureerde groepsvraelys geselekteer weens onder meer die praktiese implikasies en beskikbaarheid van die respondente (teikengroep).

Die finaal gedrukte vraelys (Bylaag 2) bestaan uit 'n Afrikaanse en Engelse weergawe wat in boekvorm gedruk is, en wat onderverdeel is in vyf afdelings, 56 vrae en 'n totaal van 176 veranderlikes wat gemeet word. Elk van die onderskeie afdelings word vervolgens afsonderlik bespreek.

5.3.2.1 AFDELING A - Persoonlike besonderhede (Vraag 1-15)

Met hierdie afdeling van die vraelys is beoog om relevante persoonlike inligting rakende die respondente sowel as hul persoonlike omstandighede in te win.

- Vrae 1, 2, 7, 11 en 15 het ten doel om die respondente se geslag, ouderdom, status van inskrywing (voltyds of deelyds), gebied van herkoms en bevolkingsgroep (vergelyk paragrawe 4.6.3 en 4.6.4) vas te stel.
- Vrae 3-5 het ten doel om meer duidelikheid rakende die gesinsagtergrond (vergelyk paragraaf 4.6.1) van die respondente te bekom deurdat navraag gedoen word rakende die grootte van die gesin (aantal broers en/of susters), die vlak van onderwys/opleiding van die ouers/voogde sowel as hul huwelikstatus.



- Vrae 6-10 het ten doel om die sosio-ekonomiese status (vergelyk paragraaf 4.6.2) van die respondente te bepaal deurdat navraag gedoen word rakende die respondente se woonplek terwyl hulle studeer, die tipe vervoer wat van en na die kampus gebruik word, die wyse waarop studiegelde vereffen gaan word en of die respondente oor genoegsame fondse beskik om die voorgeskrewe studiemateriaal, byvoorbeeld handboeke en sakrekenaar, aan te koop.
- Vrae 11 en 12 het ten doel om vas te stel wat die impak van die persoonlike aanpassingsfaktore (vergelyk paragraaf 4.5.2) op die respondente se persepsie rondom die suksesvolle voltooiing van hulle kursusse binne die voorgeskrewe minimum tydperk is.
- Vraag 14 het ten doel om vas te stel tot watter mate die respondente van mening is dat hulle sonder veel moeite, binne die beroepsfeer waarvoor hulle onderwys ontvang het in 'n betrekking aangestel sal word (vergelyk paragraaf 4.4.5).

5.3.2.2 AFDELING B - Sekondêre skoolfase (Vraag 16-22)

Hierdie afdeling van die vraelys is daarop gemik om te bepaal in watter mate sekondêre onderwys die respondente vir tersiêre onderwys voorberei het.

- Vrae 16-18 het ten doel om die vlak van vorige akademiese prestasie (vergelyk paragraaf 4.4.3) van die respondente te bepaal deurdat navraag gedoen word rakende die jaar waarin hulle gematrikuleer het, die toepaslikheid van matrikulasievakke en simbole met betrekking tot die bepaalde kursus waarvan die respondente geregistreer is en of hulle universiteitsvrystelling verwerf het.
- Vrae 19-21 het ten doel om die respondente se belangstelling (vergelyk paragraaf 4.4.4) in die kursus waarvoor hulle geregistreer is, die mate van beroepsoriëntering (vergelyk paragraaf 4.4.5) waaraan die respondente blootgestel is, sowel as die individu en ander faktore wat die grootste impak met betrekking tot die keuse van 'n studierigting uitgeoefen het, te bepaal.
- Vraag 22 het ten doel om vas te stel in watter mate sekondêre onderwys die respondente vir tersiêre onderwys voorberei het (vergelyk paragrawe 4.4.6 en 4.5.1).

5.3.2.3 AFDELING C - Technikon Pretoria (Vraag 23-34)

Met hierdie afdeling van die vraelys is beoog om te bepaal wat die persepsie van die respondente is met betrekking tot ervaringe opgedoen in die eerste vyf maande van die akademiese jaar ten opsigte van hul studies.

- Vrae 23-25 het ten doel om te bepaal of daar volgens die respondente 'n gaping tussen sekondêre en tersiêre onderwys (vergelyk paragraaf 4.5.1) bestaan en wat die redes daarvoor sou wees.
- Vrae 26-30 het ten doel om vas te stel of die respondente akademiese oriëntering aan Technikon Pretoria ontvang het, wat die tydsduur van die akademiese oriënteringsprogram (indien enige) was, en of hulle die akademiese oriënteringsprogram (indien enige) as voldoende beskou. Die respondente moes vervolgens daardie aspekte wat hulle graag in 'n akademiese oriënteringsprogram ingesluit sou wou hê, aandui en verder 'n keuse ten opsigte van 'n verpligte akademiese oriënteringsprogram aan Technikon Pretoria uitoefen.
- Vrae 31-34 het betrekking op die kampuskultuur (vergelyk paragraaf 4.6.5) en is daarop gemik om vas te stel of al die voorgeskrewe handboeke en studiemateriaal op kampus verkrygbaar is, of die respondente bekend is met die prosedures ten einde probleme en/of griewe op te los, en of hulle daarvan gebruik maak al dan nie. Daarna moes die respondente wat negatief geantwoord het, redes verskaf.

5.3.2.4 AFDELING D - Studiemetodes en -tegnieke (Vraag 35-54)

Hierdie afdeling van die vraelys is daarop gemik om te bepaal in watter mate die respondente kennis dra van studiemetodes en -tegnieke (vergelyk paragraaf 4.4.6) en dit werklik in die praktyk toepas.

- Vrae 35-37 het ten doel om te bepaal hoe gereeld die respondente studeer, waar hulle studeer en hoeveel ure hulle per week studeer.
- Vrae 38-41 het ten doel om te bepaal of die respondente vir kontakssessies of leergeleenthede voorberei, of die voorbereiding skriftelik gedokumenteer word al



dan nie, en of die respondente die geleentheid gebied word om vrylik vrae aan die dosent te stel. Die respondente wat negatief geantwoord het, is die geleentheid gebied om redes te verskaf.

- Vraag 42 het ten doel om te bepaal of die respondente op hulle eie studeer, en of samewerking met ander tydens die leerproses plaasvind.
- Vrae 43-46 het ten doel om te bepaal of die respondente volgens 'n vooraf opgestelde studierooster studeer, of daar tydens een studiesessie aandag aan meer as een vak gegee word, hoe lank hulle studeer alvorens 'n breek/pouse/rustydperk geneem word, en of hulle van opsommings gebruik maak terwyl hulle studeer.
- Vrae 47-49 het ten doel om te bepaal of die respondente bekend is met tegnieke vir die beantwoording van 'n vraestel/toets (spasiëring, nommering, ensovoorts), en of respondente soms twyfel oor wat presies verwag word met die beantwoording van 'n vraag. Die respondente wat wel soms hieroor twyfel, is verder versoek om hul response te motiveer.
- Vraag 50 het ten doel om te bepaal of die respondente ál die leerinhoud of slegs gedeeltes daarvan vir 'n eksamen of toets bestudeer.
- Vrae 51 en 52 het ten doel om te bepaal of die respondente genoegsame geleentheid gebied word om tydens 'n kontaksessie notas te kan afneem. Die respondente wat negatief geantwoord het, is versoek om redes te verskaf.
- Vrae 53 en 54 het ten doel om te bepaal wat die respondente se persepsie is rakende die standaard van die praktikumtoerusting/-fasiliteite sowel as die hulp/ondersteuning wat hulle van dosente ontvang.

5.3.2.5 AFDELING E - Algemeen (Vraag 55-56)

Vrae in hierdie afdeling is daarop gemik om te bepaal watter aspekte/faktore 'n negatiewe invloed op die akademiese prestasie van die respondente uitoefen. In vraag 55 is die navorsing wat uitgevoer is as basis geneem om soveel aspekte as moontlik (vergelyk paragrawe 4.2, 4.3, 4.4, 4.5 en 4.6) wat 'n impak op die akademiese prestasie van 'n eerstejaargestudent kan hê, te lys. Die opdrag aan die respondente was om aan te dui watter van die 54 gelyste faktore, na hul mening wel 'n negatiewe impak op hul akademiese prestasie uitoefen. Die laaste vraag het aan die respondente die geleentheid

gebied om enige ander faktor wat 'n negatiewe impak op hul akademiese prestasie mag uitoefen, te vermeld.

Die voorafgaande bevestig dat elk van die voorafvermelde vyf afdelings verder verfyn is, deur gebruik te maak van gestruktureerde vrae. Elke afsonderlike afdeling is as 'n afsonderlike vraagkategorie hanteer, ten einde die kwantifisering van die respondente se antwoorde en statistiese verwerking daarvan te vergemaklik.

Die tipe vrae wat in die vraelys gebruik is word vervolgens ontleed.

5.3.3 Ontleding van die tipe vrae wat in die vraelys gebruik is

Landman en Van Der Merwe (1988:5) stel dit dat 'n vraelys 'n "verteenwoordigende vraelys" sal wees indien die volgende twee soorte vrae, naamlik gestruktureerde (meervoudige-keuse- of geslote-) vrae en ongestruktureerde (oop-) vrae daarin sou voorkom. By elk van die vermelde twee kategorieë kom 'n aantal tipes vrae voor:

a) Gestruktureerde vrae

- Die digotome vraag vereis dat 'n respondent 'n keuse tussen twee moontlikhede moet uitoefen.
- Die meervoudige-keusevrae vereis dat die opsteller van die vraelys die moontlike response/antwoorde in betreklik vaste kategorieë onderverdeel en dat 'n respondent slegs een daarvan mag selekteer.
- Die geskaleerde vraag vereis van 'n respondent om sy/haar keuse te maak deur 'n sekere punt op 'n gegewe skaal te selekteer.

b) Ongestruktureerde vrae

- Die invulvraag bevat 'n spasie waarin die respondente hulle antwoorde/response kan invul.
- Die oopvraag bevat voldoende spasie waarin die respondente in hul eie formulering en bewoording die vraag kan beantwoord. Geen keuses word verskaf nie.

Indien die 56 vrae en 176 veranderlikes wat in die vraelys gestel is aan die hand van die voorafvermelde ontleed word, kan verklaar word dat die vraelys verteenwoordigend is van die moontlike tipes vrae, soos uit die volgende duidelik blyk:

- Soveel as 49 van die vrae is vooraf gekodifiseerde vrae waar die respondent slegs 'n kruisie moes maak oor 'n nommer wat die antwoord van sy/haar keuse verteenwoordig.
- Sewe vrae is “oopvrae” waar die respondent die geleentheid gebied is om in sy/haar eie woorde te reageer en dus die vryheid gehad het om die antwoord te formuleer soos hy/sy goed dink. Die oopvrae het aan die respondent die geleentheid gebied om spesifieke probleme wat hy/sy ervaar, te identifiseer, en self moontlike aanbevelings of oplossings vir die probleme aan die hand te doen en/of voor te stel.
- Ses van die veranderlikes kan geklassifiseer word as invulvrae.
- Sewe van die veranderlikes kan geklassifiseer word as oopvrae.
- Soveel as 128 van die veranderlikes kan geklassifiseer word as digotome vrae.
- Altesaam 30 van die veranderlikes kan geklassifiseer word as meervoudige-keusevrae.
- Vyf van die veranderlikes kan geklassifiseer word as geskaleerde vrae.

Die hantering en verspreiding van die vraelys word vervolgens bespreek.

5.3.4 Hantering en verspreiding van die vraelys

In samewerking met die betrokke Dekaan en Departementshoofde is toegang tot die lesinglokale, tydens normaal geskeduleerde kontaksessies verkry, en kontak met alle eerstejaarstudente van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe gemaak. Die vraelyste is aan al die eerstejaarstudente verbode aan die Fakulteit wat kontaksessies bygewoon het gedurende die periode 13-23 Mei 1997 versprei. Die skedule vir die verspreiding van die vraelyste word in tabel 9 weergegee.



TABEL 9

SKEDULE VAN VRAELYSVERSPREIDING

NASIONALE DIPLOMA	KODE	DATUM	TYD	AANTAL RESPONDENTE
Werkstudie	W	13 Mei	09:00	31
Bemarking	B	13 Mei	14:00	45
Bemarking	B	13 Mei	15:20	90
Bedryfsingenieurswese	I	14 Mei	10:40	97
Produksiebestuur	U	14 Mei	12:40	62
Aankoopbestuur	A	15 Mei	10:00	24
Publieke Administrasie	P	15 Mei	12:00	109
Personeelbestuur	L	20 Mei	13:20	85
Rekeningkunde	R	21 Mei	08:00	129
Rekeningkunde	R	21 Mei	14:00	107
Personeelbestuur	L	23 Mei	11:20	60

Die navorser het met behulp van transparante aan elke afsonderlike groep verduidelik wat die doel met die ondersoek is en wat van respondente verwag word. Daarna is die vraelyste uitgedeel, en die respondente is sonder 'n tydsbeperking die geleentheid gebied om die vraelys in Afrikaans of Engels te voltooi. Na voltooiing is die vraelyste by die deur ingeneem en die totale aantal vraelyste ontvang is met die klasbywoning gekorreleer. In geen een van die gevalle was daar 'n afwyking nie, met ander woorde al die vraelyste wat uitgedeel was, is weer terug ontvang.

Die lengte van die vraelys word vervolgens bespreek.

5.3.5 Lengte van die vraelys

Vanuit die literatuur is dit duidelik dat 'n eenvoudige en kort vraelys tot verhoogde respons lei. Gilmore, Campbell en Becker (1989:29) sien die beperking wat geplaas word op die tipe en hoeveelheid vrae wat in 'n vraelys gebruik kan word as 'n definitiewe nadeel. Gesien in die lig daarvan dat die vraelys (Bylaag 2) bestaan uit 56 vrae en dat 176 veranderlikes gemeet word, is die vraelys te lank. Op grond van die feit dat die vraelys 'n groepsvraelys is, die vraelys onder gekontroleerde omstandighede versprei en terug ontvang is en daar geen tydsbeperking op die invul van die vraelys geplaas is nie, kan dit gestel word dat die betroubaarheid van die resultate nie nadelig beïnvloed is deur die groot aantal vrae of veranderlikes wat onderskeidelik gevra en gemeet word nie.

Die populasie en steekproef word vervolgens bespreek.

5.3.6 Die populasie en steekproef

Die doel van die behoeftebepaling wat uitgevoer is, was om spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat deur eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe ervaar word, te identifiseer.

Daar is ook gepoog om alle geregistreerde voltydse eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria te betrek (vergeelyk paragraaf 5.4). Dit moet egter duidelik gestel word dat geen een van die respondente vooraf bewus was of kennis gedra het van die feit dat daar binne die bestek van 'n bepaalde periode 'n vraelys ingevul gaan word nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat geen een van die moontlike respondente doelbewus die besluit kon neem om nie die betrokke kontakssessie by te woon ten einde nie die vraelys in te vul nie.

Soos gesien kan word uit die verspreidingskedule (Tabel 9) is die vraelys aan die respondente versprei nadat hulle vir 'n periode van vyf en 'n halwe maand blootgestel was aan technikononderwys.

Die totale populاسie bestaan uit 1 118 geregistreerde, eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria (N=1 118). Die vraelys is deur 839 respondente voltooi, wat 'n persentasie van 75.04% verteenwoordig. Soveel as 35 vraelyste was as gevolg van verskeie faktore bedorwe en derhalwe nie bruikbaar nie. Die aantal bruikbare vraelyste is 804. Dit verteenwoordig 95.83% in terme van die 839 voltooide vraelyste.

Deurdat die terugvoer (aantal bruikbare vraelyste) van 71.91% volgens Gilmore *et al*, (1989:164) as baie goed beskou kan word, was dit nie vir die navorser nodig om van enige opvolgtegnieke gebruik te maak nie. Die aantal bruikbare vraelyste is derhalwe 804 (n=804).

Die verwerking van die ingesamelde data word vervolgens aan die orde gestel.

5.3.7 Verwerking van die data

Die voltooide vraelyste se response is deur die navorser gekodeer. Departementshoofde het versoek dat die resultate ook per departement beskikbaar gestel moet word, sodat dit met dié van die Fakulteit ingeheel vergelyk kon word. Derhalwe was dit noodsaaklik dat die onderskeie diplomagroepe volgens kodes geklassifiseer word. Die kode wat vir elk van die diplomagroepe gebruik is, kan gesien word in tabel 9.

Die sewe oopvrae is soos volg deur die skrywer gekodeer:

- eerstens is al die response tot elke oopvraag afsonderlik gelys;
- tweedens is kategorieë geskep waarin ooreenstemmende response sinvol saam gegroepeer kon word;
- derdens is elk van die response volgens die opgestelde kategorieë gekodeer.

Elk van die sewe oopvrae en hul toegekende kategorieë word vervolgens gelys en aan die orde gestel.

5.3.7.1 Oopvraag 1 - Vraag 13

Vraag 13 is 'n opvolgvraag van vraag 12 en word soos volg opgesom:

Daar word van die respondent verwag om redes te verskaf waarom hy/sy dink dat hy/sy binne die voorgeskrewe minimum tydperk/nie binne die minimum voorgeskrewe tydperk nie sy/haar studies sal voltooi/nie sal voltooi nie.

Vanuit al die vraelyste was dit moontlik om die response in die volgende vier kategorieë te verdeel, naamlik:

- Kategorie 1** Respondent voel dat hy/sy die studies binne die voorgeskrewe minimum tydperk sal voltooi weens die feit dat hy/sy so gou moontlik wil afstudeer ten einde onafhanklik te kan wees.
- Kategorie 2** Respondent voel dat hy/sy die studies binne die voorgeskrewe minimum tydperk sal voltooi omdat hy/sy nie ouers/voogde/familie se gelde of 'n beurs en lening wil mors nie.
- Kategorie 3** Respondent blameer die tekort aan fondse en die noodgedwonge staking van sy/haar studie as die rede waarom hy/sy nie binne die voorgeskrewe minimum tydperk van 3 jaar sy/haar studies gaan voltooi nie.
- Kategorie 4** Respondent blameer die predikaat wat hom/haar verhoed om toelating tot die eksamen te verkry as die rede waarom hy/sy nie binne die voorgeskrewe minimum tydperk van 3 jaar gaan afstudeer nie.

5.3.7.2 Oopvraag 2 - Vraag 23

Vraag 24 is 'n opvolgvraag van vraag 23 en word soos volg opgesom:

Daar word van die respondent verwag om redes te verskaf waarom hy/sy voel dat daar 'n gaping tussen sekondêre en tersiêre onderwys bestaan.

Vanuit al die vraelyste was dit moontlik om die response in die volgende vyf kategorieë te verdeel, naamlik:

Kategorie 1 Baie werk en vinnige tempo waarteen werk afgehandel word by die Technikon.

Kategorie 2 Die feit dat technikononderwys die teorie en praktyk kombineer.

Kategorie 3 Die bitter min tot geen persoonlike aandag wat studente vanaf die dosente en die sisteem ontvang.

Kategorie 4 Die negatiewe impak van die sosiale, kulturele en sportaktiwiteite.

Kategorie 5 Die tekort aan selfdisipline, die afwesigheid van die ouers/voogde en gepaardgaande toesig, die feit dat 'n respondent as student kan maak wat hy/sy wil, die nuwe vryheid wat die student eervaar en geen persoonlike druk.

5.3.7.3 Oopvraag 3 - Vraag 34

Vraag 34 is 'n opvolgvraag van vraag 33 en word soos volg opgesom:

Die respondent word versoek om redes te verskaf waarom hy/sy nie van die bestaande prosedures gebruik maak om aandag te skenk aan probleme wat eervaar word en/of bestaande griewe nie.

Vanuit die vraelyste was dit moontlik om die response in die volgende vier kategorieë te verdeel, naamlik:

Kategorie 1 Dit help nie om te kla nie, want daar word in elk geval geen aksie geneem nie.

Kategorie 2 Swart, kleurling- en Indiërstudente voel nie gemaklik nie en sien nie hul weg oop om by blanke dosente te gaan kla nie. Die hoofredes wat aangedui word, is die kulturele verskille en agtergronde.

Kategorie 3 Respondente is nie gemaklik met die bestaande prosedures en riglyne nie en reken dat dit eensydig opgestel is, sonder enige insette vanaf die studente.

Kategorie 4 Respondente beskik nie oor genoegsame vertroue in hul medemens om probleme met 'n ander te bespreek nie.

5.3.7.4 Oopvraag 4 - Vraag 41

Vraag 41 is 'n opvolgvraag van vraag 40 en word soos volg opgesom:

Daar word van die respondent verwag om redes te verskaf waarom hy/sy nie vrylik die geleentheid het om in die klas vrae aan die dosent te stel nie.

Vanuit die vraelyste was dit moontlik om die response in die volgende twee kategorieë te verdeel, naamlik:

Kategorie 1 Die dosent is onbeskof, het 'n swak gesindheid, is onvriendelik en laat jou minderwaardig voel as jy dit waag om 'n vraag te vra.

Kategorie 2 Dosente is kort van humeur.

5.3.7.5 Oopvraag 5 - Vraag 49

Vraag 49 is 'n opvolgvraag van vraag 48 en word soos volg opgesom:

Daar word van die respondent verwag om redes te verskaf waarom hy/sy soms twyfel oor "dit wat verwag word" in 'n vraag tydens 'n toets en/of eksamen.

Vanuit die vraelyste was dit moontlik om die response in die volgende vier kategorieë te verdeel, naamlik:

Kategorie 1 Die vrae wat gestel word is dubbelsinnig.

Kategorie 2 Die respondent verstaan en begryp nie die woorde wat in die formulering van die vraag gebruik is nie.

Kategorie 3 Die respondent weet nie wat die dosent van hom/haar verwag nie.

Kategorie 4 Die vrae wat in klastoetse, take, werksopdragte en die eksamen gebruik word, verskil deurdat die maklikes in die klastoetse, take en werksopdragte en die moeilikes in die eksamen gevra word.

5.3.7.6 Oopvraag 6 - Vraag 52

Vraag 52 is 'n opvolgvraag van vraag 51 en word soos volg opgesom:

Daar word van die respondent verwag om redes te verskaf waarom hy/sy nie notas kan neem tydens die verloop van 'n lesing nie.

Vanuit die vraelyste was dit moontlik om die response in die volgende vyf kategorieë te verdeel, naamlik:



- Kategorie 1** Die respondent kan nie gelyktydig luister en skryf nie.
- Kategorie 2** Respondente beweer dat hulle nie die dosent kan hoor nie.
- Kategorie 3** Die taalkwessie, met ander woorde die respondent verstaan nie die dosent nie.
- Kategorie 4** Respondente sukkel om te konsentreer en het dus nie die tyd om te skryf nie.
- Kategorie 5** Die dosent lees uit die voorgeskrewe handboek, derhalwe is dit nie nodig om notas te neem nie.

5.3.7.7 Oopvraag 7 - Vraag 56

Die respondent is gevra om enige ander aspekte/faktore te meld wat sy/haar akademiese prestasie en vordering negatief beïnvloed.

Vanuit die vraelyste was dit moontlik om die response in die volgende twaalf kategorieë te verdeel, naamlik:

- Kategorie 1** Swak en onbeskofte houdings en gesindhede teenoor swart studente deur die blanke dosente.
- Kategorie 2** Dosente wat ongeduldig en kort van humeur is.
- Kategorie 3** Dosent gee onderrig in Afrikaans, terwyl die hele groep studente Engelssprekend en oorwegend swart is. Dosent maak gebruik van 'n Afrikaanse voorgeskrewe handboek, terwyl die meerderheid van die studente Engelssprekend is.
- Kategorie 4** Dosent gee onderrig in Engels, terwyl die hele groep studente Afrikaanssprekend en oorwegend blank is. Dosent maak gebruik van

voorgeskrewe boek wat net in Engels beskikbaar is, terwyl die meerderheid studente Afrikaanssprekend is.

- Kategorie 5** Respondent is eensaam en studeer alleen.
- Kategorie 6** Respondent is honger, moeg, arm en kry geen ondersteuning van sy/haar ouers of voogde nie.
- Kategorie 7** Respondent beskik nie oor die energie om te studeer nie.
- Kategorie 8** Respondente wat die lesings willekeurig ontwig deur byvoorbeeld laat te kom, te dobbel terwyl die lesing aan die gang is, in te loer by lesinglokale en hul vriende te roep om die lokaal te verlaat.
- Kategorie 9** Die gebrek aan respek vir dames oor die kleurgrens heen.
- Kategorie 10** Rassistiese dosente.
- Kategorie 11** Respondente sien die dosent as apaties weens die feit dat die dosent nie deelname en betrokkenheid van studente bewerkstellig nie, met ander woorde die dosent gee sy/haar lesing en verdwyn.
- Kategorie 12** Probleme in die koshuis.

Na afloop van die kodering is die gekodeerde vraelyste deur die maatskappy Capture Data ingesleutel en is die ingesleutelde data ook deur die vermelde maatskappy geverifieer. Met behulp van die Direkoraat: Strategiese Inisiatiewe en Inligting en meer spesifiek mnr H Mouton, is die ingesleutelde data weereens gekontroleer en geverifieer.

Op grond van 'n frekwensietabel (Bylaag 3) is die rou data verwerk tot verstaanbare en interpreteerbare eenhede deur die inligting soos volg te verfyn:



- 'n frekwensietabel vir elk van die verteenwoordigende etniese groeperinge is opgestel deur van statistiese berekeninge gebruik te maak;
- histogramme vir elk van die veranderlikes is geteken.

Nadat frekwensietabelle vir al die vrae opgestel en geverifieer is, is histogramme van al die vrae en veranderlikes getrek met die doel om:

- 'n algemene beeld aangaande die persoonlike besonderhede en omstandighede van die respondente te vorm (vergelyk paragraaf 5.3.2.1);
- te bepaal in hoe 'n mate die sekondêre skoolonderwys die respondent vir technikononderwys voorberei het (vergelyk paragraaf 5.3.2.2);
- vas te stel wat die respondente se persepsie aangaande hul ervarings aan Technikon Pretoria is (vergelyk paragraaf 5.3.2.3);
- te bepaal wat die vlak van ontwikkeling van die respondente met betrekking tot studiemetodes en -tegnieke is (vergelyk paragraaf 5.3.2.4);
- vas te stel watter faktore/aspekte deur die respondente aangedui word as bydraend tot 'n negatiewe impak op hulle akademiese prestasie (vergelyk paragraaf 5.3.2.5).

Weens die massifikasie en gepaardgaande verandering in die samestelling van die studentepopulasie van tersiêre onderwys in Suid-Afrika (vergelyk paragraaf 2.4) en meer spesifiek Technikon Pretoria (vergelyk paragraaf 2.9) het die navorser die frekwensietabelle en gepaardgaande histogramme nie net vir die totale aantal response opgestel, geverifieer en getrek nie. Onderskeid word getref tussen die vier kultuurgroepe naamlik blankes, kleurlinge, Indiërs en swartes wat aan Technikon Pretoria en meer spesifiek die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe studeer.

'n Samevattig van respondente se response op Afdeling A van die vraelys, wat vrae 1 tot 15 en veranderlikes 2 tot 19 omsluit, word vervolgens verskaf en kortliks bespreek.

5.4 VRAELYSRESPONSE VIR AFDELING A: Persoonlike besonderhede


5.4.1 Persoonlike inligting van die respondente

5.4.1.1 Geslagsverdeling

'n Vergelyking van die verdeling per geslag van die respondente (R) met die verdeling per geslag van die Fakulteit (F), sowel as Technikon Pretoria (T) is duidelik waarneembaar uit die onderstaande grafiek.

GRAFIEK 11

**VERDELING PER GESLAG VAN DIE RESPONDENTE, FAKULTEIT EN
TECHNIKON**




Die geslagsverdeling van die respondente (R), Fakulteit (F) en Technikon Pretoria (T) vergelyk baie goed en gebaseer op die inligting soos voorgestel in grafiek 11 kan die uitsprake wat in hierdie studie gemaak word van toepassing gemaak word op nie net die Fakulteit (F) nie, maar ook Technikon Pretoria (T).

5.4.1.2 Ouderdomverspreiding

Die gemiddelde ouderdom per bevolkingsgroep vir die respondente word in grafiek 12 voorgestel.

GRAFIEK 12

GEMIDDELDE OUDERDOM PER BEVOLKINGSGROEP VIR DIE RESPONDENTE



By 'n verdere ontleding van die respondente se response, rakende die gemiddelde ouderdom, kan die volgende afleidings gemaak word:

- ◆ die gemiddelde ouderdom van die respondente is 19.8 jaar;
- ◆ soveel as 514 (64%) respondente is jonger as die gemiddelde ouderdom;
- ◆ soveel as 289 (36%) respondente is ouer as die gemiddelde ouderdom waarvan:
 - 249 (86%) die swart bevolkingsgroep verteenwoordig;
 - 35 (12%) die blanke bevolkingsgroep;
 - 3 (2%) die kleurlingbevolkingsgroep en
 - 0 (0%) die Indiërbevolkingsgroep.

5.4.1.3 Inskrywingstatus

Die ontleding van die respondente rakende hul inskrywingstatus toon dat 790 (98%) voltydse en 14 (2%) deeltydse eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria is.

Weens die feit dat slegs 14 (2%) van die respondente deeltydse eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria is, lei daartoe dat die uitsprake van hierdie studie slegs geldig sal wees ten opsigte van voltydse ingeskrewe studente aan die vermelde Fakulteit en Technikon Pretoria.

5.4.1.4 Gebied van herkoms

Die gebied van herkoms van die respondente word in die onderstaande tabel geklassifiseer.

TABEL 10

KLASSIFISERING VAN GEBIED VAN HERKOMS

GEBIED VAN HERKOMS	AANTAL	PERSENTASIE(%)
Nie ingevul	6	0.7%
Stad	148	18.4%
Dorp	138	17.2%
Platteland	244	30.4%
Informele vesting	6	0.7%
Township	262	32.6%
TOTAAL	804	100%

Vanuit die inligting soos verskaf in tabel 10 kan die volgende afleidings gemaak word, naamlik dat:

- slegs 148 respondente (18.4%) van 'n gebied wat as 'n stad geklassifiseer kan word, afkomstig is;
- soveel as 650 respondente (80.9%) afkomstig is vanuit woongebiede anders as 'n stad;
- die oorgrote meerderheid van eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria, tydens hul eerste jaar van studie, gekonfronteer word met 'n verskeidenheid van omgewings- en aanpassingsfaktore (vergelyk paragraaf 4.3 en Tabel 8) waarvoor die gebied van herkoms hulle nie noodwendig voorberei het nie;
- die grootste enkele groep van eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria is afkomstig vanuit gebiede wat geklassifiseer word as "townships", naamlik 262 respondente wat 32.6% van die totale aantal respondente verteenwoordig.


5.4.1.5 Etniese samestelling van die respondente

Die etniese verspreiding, per bevolkingsgroep, van eerstens die respondente (R), tweedens die Fakulteit (F) en derdens Technikon Pretoria (T) word in grafiek 13 verkaf.

Vanuit grafiek 13 is dit duidelik af te lei dat die massifikasie van tersiêre onderwys ook aan Technikon Pretoria geslaagd plaasgevind het, deurdat al vier bevolkingsgroepe in Suid-Afrika verteenwoordig word in die samestelling van die studentepopulasie van Technikon Pretoria.

GRAFIEK 13

ETNIESE SAMESTELLING VAN DIE RESPONDENTE, FAKULTEIT EN TECHNIKON



5.4.2 Gesinsagtergrond van die respondente

5.4.2.1 Grote van die gesin

Deur navraag te doen rakende die aantal broers en/of susters wat 'n respondent het, is gepoog om die grootte van die gesin te bepaal. Die aantal broers/susters vir elk van die 4 bevolkingsgroepe word grafies voorgestel in grafiek 14.

Vanuit grafiek 14 is dit duidelik dat die swart en kleurlingrespondente se gesinne groter is as dié van blankes en Indiërs deurdat hulle meer broers en susters het.


By verdere ontleding is gevind dat:

- 162 (30.2%) van die swart respondente 4 en meer broers en/of susters het;

- 4 (33.3%) van die kleurlingrespondente 4 en meer broers en/of susters het;
- 21 (8.5%) van die blanke respondente 4 en meer broers en/of susters het;
- 0 (0%) van die Indiërrespondente 4 en meer broers en/of susters het.

GRAFIEK 14

AANTAL BROERS EN/OF SUSTERS VAN RESPONDENTE



5.4.2.2 Die huwelikstatus van die respondente se ouers en/of voogde

Vanuit die terugvoer is dit duidelik dat:

- 605 (75.3%) van die respondente afkomstig is vanuit 'n ouerhuis waar beide die ouers/voogde leef en ook getroud is;
- 188 (23.4%) van die respondente vanuit 'n enkelouergesin afkomstig is, deurdat die ouers/voogde óf geskei is óf een van die ouers (vader/moeder) die lewe gelaat het.

5.4.2.3 Die vlak van onderwys en/of opleiding van die ouers/voogde

Hierdie betrokke vraag is daarop gemik om die vlak van onderwys en/of opleiding van die respondente se ouers te bepaal. Daar is derhalwe gepoog om te bepaal of die respondente eerstegenerasie-tersiêre studente is. Tydens die kodering en ontleding van die respondente se antwoorde was dit egter duidelik dat hulle nie eerlik was nie en kon die navorser geen sinvolle afleidings na aanleiding van die antwoorde op die betrokke vraag maak nie.

5.4.3 Die sosio-ekonomiese status van die respondente

5.4.3.1 Tuiste van die respondente terwyl hulle studeer


Die statistiek van die 790 respondente wat die vraag beantwoord het, word voorgestel in grafiek 15.

Vanuit hierdie grafiek is dit duidelik dat 592 (74.9%) van die respondente in sogenaamde stabiele omgewings woon, terwyl hulle studeer. Daarteenoor maak 198 (25.1%) van die respondente van privaatlosies gebruik. By nadere ondersoek is bevind dat dit juis hierdie groep studente (wat van privaatlosies gebruik maak) is wat probleme ervaar deurdat die persone van wie hulle huur byvoorbeeld:

- die huur sonder enige vooraf waarskuwing opskort en dan doodeenvoudig die student se eiendom buite op die grasperk gooi, sonder om bekommerd te wees oor waar die betrokke student daardie nag gaan slaap;
- nie ag slaan op huurooreenkomste nie en die huurgelde verhoog, soos wat hul finansiële posisie verander, gevolglik het die student geen beskerming teen finansiële uitbuiting nie;
- seksuele gunstes en gawes vanaf die studente eis wat in baie gevalle met geweld gepaard gaan.

GRAFIEK 15

TUISTE VAN RESPONDENTE TERWYL HULLE STUDEER



5.4.3.2 Die vervoer wat respondente na en van die kampus gebruik


Die tipe vervoer wat die respondente na en van die kampus gebruik, word grafies in grafiek 16 voorgestel.

Indien daar probleme met die openbare vervoerstelsel (busse, treine en taxi's) ondervind word, byvoorbeeld as gevolg van 'n algemene staking, sou dit impliseer dat 291 (36.4%) van die respondente byvoorbeeld laat sal wees en/of nie sal opdaag vir lesings, toetse of eksamens nie. Die etniese onderverdeling van hierdie groep respondente toon aan dat:

- 11 (3.8%) respondente die blanke groepering verteenwoordig;
- 2 (0.7%) respondente die kleurlinggroepering verteenwoordig;
- 278 (95.5%) respondente die swart groepering verteenwoordig;
- 0 (0%) respondente die Indiërgroepering verteenwoordig.

GRAFIEK 16

VERVOER VAN DIE RESPONDENTE NA EN VAN DIE KAMPUS



5.4.3.3 Vereffening van die respondent se studiegelde

Vanuit die statistiek is dit duidelik dat die vereffening van die respondente se studiegelde in vyf duidelike kategorieë onderverdeel kan word, naamlik:

- 629 (78.2%) respondente se studiegelde word deur hulle ouers/voogde vereffen;
- 93 (11.6%) respondente se studiegelde word deur die **Tertiary Education Fund of South Africa (TEFSA)** vereffen;
- 40 (5%) respondente se studiegelde word deur middel van 'n privaat beurs en/of lening vereffen;
- 25 (3.1%) respondente is self verantwoordelik vir die vereffening van hul studiegelde;
- 16 (2%) respondente se studiegelde word deur familieledede vereffen.

5.4.3.4 Besikbaarheid van fondse om studiemateriaal aan te koop


Vanuit die 804 (100%) respondente se response is dit duidelik dat 393 (49%) respondente oor genoegsame fondse beskik om die nodige studiemateriaal aan te koop.

By verdere ontleding van die 410 (51%) respondente wat nie oor genoegsame fondse beskik om die nodige studiemateriaal aan te koop nie, is gevind dat die getal saamgestel word uit 21 (5%) blanke respondente, 1 (0.2%) Indiërrespondent, 7 (1.7%) kleurlingresponente en 381 (92.9%) swart respondente.

Dit is egter ook duidelik dat die swart en kleurlingresponente totaal verskillend in teenstelling met die blanke en Indiërresponente gereageer het, wat duidelik waarneembaar is in die onderstaande grafiek.

GRAFIEK 17

BESKIKBAARHEID VAN FONDSE OM STUDIEMATERIAAL AAN TE KOOP




5.4.4 Die respondente se persepsie rakende die voltooiing van die kursus binne die voorgeskrewe minimum tydperk

Vanuit die statistiek van die 802 (99.8%) respondente wat die vraag beantwoord het, is dit duidelik dat 473 (58.8%) reken dat hulle die betrokke kursus waarvoor hulle geregistreer is binne die minimum voorgeskrewe tydperk suksesvol sal voltooi. Daarteenoor is 329 (40.9%) van mening dat hulle nie die kursus waarvoor hulle geregistreer is, binne die voorgeskrewe minimum tydperk gaan voltooi nie.

Vanuit die onderstaande grafiek is dit duidelik dat die swart respondente totaal anders as die blanke, Indiër- en kleurlingrespondente gereageer het. Hulle is die enigste groepering waarvan die aantal respondente wat reken dat hulle nie die kursus binne die voorgeskrewe minimum tydperk sal voltooi nie, meer is as die aantal wat gereken het dat hulle wel die kursus binne die minimum voorgeskrewe tydperk sal voltooi.

GRAFIEK 18

RESPONDENTE SE PERSEPSIE RAKENDE DIE VOLTOOIING VAN DIE KURSUS WAARVOOR HULLE GEREGISTREER IS BINNE DIE MINIMUM VOORGESKREWE TYDPERK



Die redes wat 711 (88.4%) respondente vir hul antwoord in die voorafgaande vraag aangevoer het, is soos volg in 4 kategorieë onderverdeel (vergelyk paragraaf 5.3.7.1).

Redes vir positiewe response:

- Die strewe na finansiële onafhanklikheid is deur 349 (43.6%) respondente as rede aangedui.
- Die morele verpligting wat die respondent teenoor die persoon en/of instansie wat sy/haar studiegelde vereffen het, word deur 85 (10.6%) van die respondente as die rede aangedui waarom hulle die kursus waarvoor hulle geregistreer is in die minimum voorgeskrewe tydperk sal voltooi.

Redes vir die negatiewe response:

- Die tekort aan fondse wat deur 48 (6%) van die respondente as rede aangedui is,
- Die predikaatstelsel, met ander woorde die wyse waarop die predikaat saamgestel word, asook die reël dat 'n student 'n predikaat van minstens 40% moet hê vir eksamentoeelating, is die rede wat 225 (28.1%) van die respondente aanvoer waarom hulle nie die kursus waarvoor hulle geregistreer is binne die minimum voorgeskrewe tydperk sal voltooi nie.

5.4.5 Die respondente se persepsie oor werksmoontlikhede binne die beroepsfeer waarvoor hulle opgelei is

Vanuit die statistiek is dit duidelik dat 586 (72.9%) respondente positief is om binne die beroepsfeer waarvoor hulle opgelei is werk te kan kry na afstudering, terwyl 210 (26.1%) respondente negatief is.

Volgens die navorser is daar 'n leemte in die vraelys. Hierdie spesifieke vraag behoort opgevolg te gewees het met 'n oopvraag ten einde te bepaal waarom respondente negatief sou wees ten opsigte van die verkryging van werk binne die beroepsfeer waarvoor hulle opgelei is.

'n Samevatting van respondente se response op Afdeling B van die vraelys, wat vrae 16 tot 22 en veranderlikes 20 tot 60 omsluit, word vervolgens verskaf en kortliks bespreek.

5.5 VRAELYSRESPONSE VIR AFDELING B: Sekondêre skoolfase

5.5.1 Die jaar waartydens respondente gematrikuleer het

Die afleidings wat vanuit die response gemaak kan word, is dat die respondente in drie groepe onderverdeel kan word, en wel soos volg.

Groep 1 Bestaande uit 347 (43.2%) respondente wat direk vanaf sekondêre skool afkomstig is, met ander woorde hulle het gedurende 1996 gematrikuleer.


Groep 2 Bestaande uit 255 (31.8%) respondente wat gedurende 1995 gematrikuleer het, dit wil sê daar het een jaar tussen die sekondêre skoolfase en aanvang van tersiêre studies verloop.

Groep 3 Bestaande uit 202 (25%) respondente wat gedurende 1994 en vroeër gematrikuleer het, dit wil sê daar het 'n minimum van twee jaar tussen die sekondêre skoolfase en die aanvang van tersiêre studies verloop.

Die onderverdeling per bevolkingsgroep van die 202 (25%) respondente wat gedurende 1994 en vroeër gematrikuleer het, word grafies in die onderstaande grafiek voorgestel.

GRAFIEK 19

ONDERVERDELING PER BEVOLKINGSGROEP VAN DIE RESPONDENTE WAT GEDURENDE 1994 EN VROEËR GEMATRIKULEER HET



5.5.2 Matriekprestasie van respondente

Die matriekprestasie van die respondente word opsommenderwys in tabel 11 weergegee.

Deur die matriekprestasie van die nuwelingstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria vir 1996 en 1997 te vergelyk, kan die volgende afleidings gemaak word:

- die persentasie nuwelingstudente wat oor 'n matriekulasievrystellingsertifikaat beskik, het gedaal met 1.8% (van 35.9% gedurende 1996 tot 34.1% gedurende 1997);
- die persentasie nuwelingstudente wat oor 'n senior sertifikaat beskik, het dienooreenkomstig toegeneem met 1.8% (van 64.1% gedurende 1996 na 65.9% gedurende 1997).

TABEL 11

MATRIEKPRESTASIE VAN DIE RESPONDENTE

MATRIKULASIESERTIFIKAAT	GEMIDDELDE SIMBOOL	AANTAL STUDENTE	%
Met volle vrystelling	A	6	2.2%
	B	21	7.8%
	C	76	28.3%
	D	138	51.3%
	E	23	8.5%
	<E	5	1.9%
	TOTAAL	269	100%
Sonder volle vrystelling	A	1	0.2%
	B	6	1.2%
	C	30	5.7%
	D	130	25.0%
	E	262	50.2%
	<E	92	17.7%
	TOTAAL	521	100%
Met volle vrystelling		269	34.1%
Sonder volle vrystelling		521	65.9%
	TOTAAL	790	100%


5.5.3 Die status van beroepsoriëntering op sekondêre skool

Vanuit die response van 799 (99.4%) respondente is bepaal dat slegs 400 (50.1%) van die respondente beroepsoriëntering op sekondêre skool ontvang het rakende kursusse wat deur Technikon Pretoria aangebied word. Altesaam 399 (49.9%) van die respondente het geen beroepsoriëntering rakende kursusse wat te Technikon Pretoria aangebied word ontvang nie.

Deur die 400 (50.1%) respondente wat positief gereageer het se response verder te ontlee, is gevind dat die beroepsoriëntering deur vier groeperinge uitgevoer is, naamlik personeel vanaf Technikon Pretoria, 'n skool, maatskappye/werkgewers en loopbaanskou/e en wel in die verhouding soos aangedui in die onderstaande grafiek.

GRAFIEK 20

GROEPERINGE WAT BEROEPSORIËNTERING UITGEVOER HET



5.5.4 Grootste invloed op loopbaankeuse van respondente

Soos gesien kan word in tabel 12, is die kategorieë wat aan die respondente verskaf is geprioretiseer. Dit blyk duidelik dat die werwingstrategie van Technikon Pretoria



dringende aandag vereis deurdat die besoeke aan skole, oueraande en loopbaanskoue nie noodwendig die besluitneming rakende voornemende studente se loopbaankeuse beïnvloed nie. Die bestaande werwingsaksies van Technikon Pretoria, naamlik besoeke aan skole, oueraande en loopbaanskoue, sou slegs 300 (37.3%) respondente met die korrekte inligting kon bereik, terwyl 504 (62.7%) respondente dus nie die korrekte inligting rakende Technikon Pretoria sou kon verkry het nie.

TABEL 12

DIE PRIORETISERING VAN DIE KATEGORIEË WAT DIE GROOTSTE INVLOED OP DIE RESPONDENT SE LOOPBAANKEUSE UITGEOEFEN HET

KATEGORIE	PERSENTASIE(%)
1 Beroepsoriëntering	19.7%
2 Ouers	19.2%
3 Gedrukte media	11.7%
4 Familie	11.3%
5 Onderwysers	8.9%
6 Ek self	8.7%
7 Vriende	7.0%
8 Toelatingstoets	5.6%
9 Werkgewers	3.7%
10 Elektroniese media	1.4%
11 Enigste opsie	0.8%

Die verklaring van Kategorie 11, naamlik “enigste opsie”, is dat die respondent geen keuse kon uitoefen rakende die kursus waarvoor hy/sy geregistreer het nie weens onder meer die rede dat die respondent se vakkeuse gedurende die sekondêre skoolfase toegang tot net een betrokke kursus aan Technikon Pretoria verleen het.

5.5.5 Onderrig/hulp/leiding aan respondente

Volgens die navorsers is daar 'n leemte in die vraelys. Die diepte/omvang van die onderrig/hulp/leiding wat die respondente op sekondêre skool ontvang het, is nie bepaal nie. Die aantal respondente wat geen onderrig/hulp/leiding met betrekking tot die gestelde kategorieë verkry het nie, is egter wel bepaal en kan soos volg in tabel 13 getabelleer word.

TABEL 13

**DIE AANTAL RESPONDENTE WAT GEEN OPLEIDING MET
BETREKKING TOT GESTELDE KATEGORIEë ONTVANG HET NIE**

ASPEK	AANTAL	PERSENTASIE(%)
Streshanteringstegnieke	639	79.5%
Basiese rekenaervaardighede	634	78.8%
Hantering van 'n vinnige werkstempo	560	69.6%
Hantering van 'n hoë werkslading	547	68%
Ander kulture en gelowe	434	54%
Die skryf van akademiese werkstukke	427	53.1%
Die afneem van notas	416	51.7%
Hoe om saam met ander studente te studeer	388	48.3%
Addisionele kommunikasievaardighede	351	43.6%
Doelwitbepaling	310	38.5%
Eksamentegnieke en -vaardighede	310	38.5%
Gebruik van mediasentrum (biblioteek)	309	38.4%
Studiemetodes en -tegnieke	304	37.8%
Tydsbestuur	292	36.3%
Leesvaardighede en -tegnieke	265	33%
Maak van opsommings	199	24.7%
Voorbereiding vir toetse en eksamens	181	22.5%

‘n Samevatting van die respondente se response op Afdeling C van die vraelys, wat vrae 23 tot 34 en veranderlikes 61 tot 100 omsluit, word vervolgens verskaf en kortliks bespreek.

5.6 VRAELYSRESPONSE VIR AFDELING C: Ervaringe te Technikon Pretoria

5.6.1 Gaping tussen skool- en technikononderwys

Vanuit die response van 651 (81%) respondente is dit duidelik dat daar ‘n gaping tussen skool- en technikononderwys bestaan. Die redes wat aangevoer word, kan in twee hoofgroepe verdeel word, naamlik die mate waartoe die sekondêre skoolonderwys die respondent vir technikononderwys voorberei het en persoonlike opinies.

Die response rakende die mate waartoe die sekondêre skool die respondent vir tersiêre studies voorberei het, is verder ontleed en word ook grafies voorgestel in grafiek 21. Uit die grafiek is dit duidelik dat 410 (51%) respondente van mening is dat die sekondêre skool hulle goed tot baie goed vir tersiêre onderwys voorberei het, terwyl 389 (49%) respondente van mening is dat die sekondêre skool hulle geensins/of tot ‘n geringe mate vir tersiêre onderwys voorberei het.


Die response rakende die respondente se persoonlike opinies waarom hulle reken dat daar ‘n gaping tussen sekondêre skoolonderwys en technikononderwys bestaan, is deur die navorser gekategoriseer (vergelyk paragraaf 5.3.7.2). Dit blyk duidelik dat die oorgrote meerderheid van respondente nie gereed is vir technikononderwys nie, deurdat:

- 276 (34.6%) respondente die hoë werkslading en vinnige tempo as rede vir die gaping aanvoer;
- 203 (25.4%) respondente die selfdissipline wat kortkom as rede vir die gaping aanvoer;
- 129 (16.2%) respondente die kombinerings van teorie en praktyk as rede vir die gaping aanvoer;

- 51 (6.4%) respondente die min tot geen persoonlike aandag vanaf die dosente as rede vir die gaping aanvoer;
- 9 (1.1%) respondente die negatiewe impak van sport en kulturele aktiwiteite as rede vir die gaping aanvoer.

GRAFIEK 21

MATE WAARTOE SEKONDÊRE SKOOL-ONDERWYS DIE RESPONDENT VIR TERSIÊRE ONDERWYS VOORBEREI HET



5.6.2 Akademiese oriëntering te Technikon Pretoria


Die aantal respondente wat aandui dat hulle akademiese oriëntering te Technikon Pretoria deurloop het, is 448 (55.7%). Dit wil sê, 356 (44.8%) respondente het nie akademiese oriëntering ontvang of bygewoon nie.

Van die 448 (55.7%) respondente wat wel akademiese oriëntering deurloop het, dui 260 (58%) respondente aan dat hulle tevrede was met die akademiese oriënteringsprogram wat aangebied is. Altesaam 188 (42%) respondente het aangedui dat hulle nie tevrede is met die akademiese oriënteringsprogram wat aangebied is nie. Met ander woorde, die akademiese oriënteringsprogram het nie aan hulle behoeftes voldoen nie.

Die afleiding word gemaak dat 260 (58%) respondente gelukkig en tevrede is met die akademiese oriënteringsprogram wat hulle deurloop het. Sowat 544 (67.6%) respondente het nie 'n akademiese oriënteringsprogram deurloop of was nie tevrede met die akademiese oriënteringsprogram wat wel deurloop is nie. Vervolgens word hierdie verdeling grafies in grafiek 22 voorgestel.

GRAFIEK 22

DIE REAKSIE VAN DIE RESPONDENTE MET BETREKKING TOT HUL TEVREDENHEID RAKENDE AKADEMIESE ORIËNTERING TE TECHNIKON PRETORIA



5.6.3 Aspekte wat respondente in 'n akademiese oriënteringsprogram sou wou sien

Vanuit die statistiek is dit duidelik dat die behoeftes van die blanke, Indiër-, kleurling- en swart respondente aan 'n akademiese oriënteringsprogram nie in wese van mekaar verskil nie. Die response op elke afsonderlike aspek is baie na aan die gemiddeld en geen noemenswaardige afwyking kom voor nie.

Met inagneming van veranderlikes 44-60 (aspekte waarin respondente op sekondêre skool opleiding/hulp/leiding ontvang het), veranderlikes 61-62 (gaping tussen skool- en technikononderwys), veranderlike 63 (mate waartoe skool respondente toegerus het) en veranderlikes 64-66 (akademiese oriëntering te Technikon Pretoria) is die respondente se antwoorde op veranderlikes 67-95 'n duidelike aanduiding dat hulle eerlik was in die beantwoording van die vorige vrae. Die aspekte wat aanbeveel word vir insluiting in 'n akademiese oriënteringsprogram en die tekortkominge van die sekondêre onderwys word bevestig en vul mekaar aan.

Vervolgens word al die aspekte wat volgens die respondente in 'n akademiese oriënteringsprogram opgeneem behoort te word in prioriteitsvolgorde (persentasiegewys van hoog na laag) geplaas en getabuleer in tabel 14. Die persentasie respondente wat die betrokke behoefte aangedui het, word weergegee.

'n Oorweldigende meerderheid respondente, naamlik 679 (84.6%) het aangedui dat hulle 'n verpligte akademiese oriënteringsprogram te Technikon Pretoria verkies. Dit impliseer dat die akademiese oriënteringsprogram deel moet vorm van die hoofstroom-akademiese aktiwiteite en program.

5.6.4 Die beskikbaarheid van voorgeskrewe handboeke en studiemateriaal

Die vraag was gemik op die inwin van inligting rakende die beskikbaarheid van voorgeskrewe handboeke en studiemateriaal by die bestaande boekwinkels. Soveel as 396 (49.3%) respondente het aangedui dat die voorgeskrewe handboeke en studiemateriaal wel by die bestaande boekwinkels beskikbaar is, terwyl 405 (50.4%) respondente aangedui het dat die voorgeskrewe handboeke en studiemateriaal nie by die bestaande boekwinkels beskikbaar is nie.



TABEL 14

**ASPEKTE WAT RESPONDENTE IN 'N AKADEMIESE
ORIËNTERINGSPROGRAM OPGENEEM WIL HÊ**

ASPEKTE	PERSENTASIE(%)
Inhoud van die kursus	92%
Standaard van werk wat verwag word	91.4%
Berekening van predikaat en finale punt	90.8%
Studiemetodes en -tegnieke	88.6%
Akademie se ondersteuning beskikbaar aan studente	88%
Bepalings mbt spesiale eksamens, hereksamens en siektetoetse	87.7%
Rekenaargeletterdheid	85.3%
Gebruik van die biblioteek	84.4%
Kodifisering van uitslae	84.2%
Fasiliteite te Technikon Pretoria	83.8%
Hantering van afwesighede vir lesings, toetse en eksamens	83.7%
Hantering van hoë werkslading	83.1%
Skryf van akademiese werkstukke bv take en werksopdragte	81.8%
Reëlings met betrekking tot spreekure van dosente	81.8%
Vorbereiding vir toetse en eksamens	81.8%
Kommunikasievaardighede en -tegnieke	80.5%
Doelwitbeplanning	79.4%
Sosiale aanpassing	79.4%
Vereistes en voorwaardes vir promovering	78.9%
Hantering van die vinnige tempo	78%
Stiptelikheid met betrekking tot lesings, toetse en eksamens	76.4%
Hoe om die studiegids te gebruik	76%
Laat indiening van byvoorbeeld akademiese werkstukke	75.5%
Algemene reëls en regulasies van Technikon Pretoria	75%
Mentorstelsel/voogdosentstelsel	74.6%
Leestegnieke en -vaardighede	72.7%
Gedrag wat in lesinglokaal vereis word	72%
Hoe om opsommings te maak	68.8%

5.6.5 Prosedures vir die oplossing van griewe/probleme

Die response toon dat 356 (44%) respondente bekend is met die prosedures vir die hantering en/of oplossing van probleme/griewe wat ervaar word. Dit wil sê, 445 (56%) respondente weet nie hoe en/of waarheen om te gaan om hulp te kry ten einde hul probleme/griewe op te los nie.

Deur die response van die 356 (44%) respondente wat aangedui het dat hulle bewus is van die bestaande prosedures om hul probleme/griewe sinvol op te los verder te ontleed, is bevind dat slegs 214 (60%) respondente van die bestaande prosedures gebruik maak om hul probleme/griewe op te los. Altesaam 142 (40%) van die respondente maak nie van die bestaande prosedures gebruik om hulle probleme/griewe op te los nie.

Deur die response van die 142 (40%) respondente wat aangedui het dat hulle nie van die bestaande prosedures gebruik maak om probleme op te los nie te kategoriseer (vergelyk paragraaf 5.3.7.3), is bevind dat vier redes aangevoer word, naamlik:

- 4 (2.8%) respondente reken dat dit nie help om te kla nie, aangesien daar in elk geval geen aksie geneem word nie;
- 4 (2.8%) respondente vanuit die Indiër-, kleurling- en swart bevolkingsgroepe voel nie gemaklik om by blanke dosente te gaan kla nie;
- 126 (88.7%) respondente reken dat hulle nie gemaklik is met die bestaande prosedures en riglyne nie deurdat dit eensydig, sonder insette vanaf studente, opgestel is;
- 8 (5.6%) respondente reken dat hulle nie hul medemens genoegsaam vertrou ten einde hul probleme met ander te deel nie.

'n Samevatting van die respondente se response op Afdeling D van die vraelys, wat vrae 35 tot 54 en veranderlikes 101 tot 121 omsluit, word vervolgens verskaf en kortliks bespreek.

5.7 VRAELYSRESPONSE VIR AFDELING D: Studiemetodes en -tegnieke

5.7.1 Die respondente se studiegewoontes

5.7.1.1 Aantal ure per week wat die respondent studeer


Vanuit die statistiek is dit duidelik dat:

- 473 (58.9%) respondente vyf dae per week, dit wil sê van Maandag tot Vrydag studeer;
- 277 (34.5%) respondente sewe dae van die week, dit wil sê van Maandag tot Sondag studeer;
- 46 (5.7%) respondente slegs naweke, dit wil sê Saterdag en Sondag studeer.

Die gemiddelde aantal ure wat die respondente per week studeer, word in grafiek 23 aangetoon.

GRAFIEK 23

GEMIDDELDE AANTAL URE WAT RESPONDENT PER WEEK STUDEER




5.7.1.2 Studeer respondent op sy/haar eie of as lid van 'n groep

Vanuit grafiek 24 is dit duidelik dat 591 (73.5%) respondente op hul eie studeer, met ander woorde hulle doen al die opsommings, take en werksopdragte self. Daarteenoor is daar 119 (14.8%) respondente wat saam met een ander student studeer, en slegs 93 (11.6%) respondente wat as 'n lid van 'n groep studeer.

GRAFIEK 24

VOORKEUR VAN RESPONDENT OM OP SY/HAAAR EIE OF AS LID VAN 'N GROEP TE STUDEER



5.7.1.3 Voorbereiding vir lesings

Die aantal respondente wat vir lesings voorberei is 303 (37.7%), terwyl 500 (62.2%) respondente nie vir lesings voorberei nie.


Deur die 303 (37.7%) respondente wat positief gereageer het se response verder te ontlee, is gevind dat slegs 169 (55.7%) respondente hul probleme wat tydens die voorbereiding van lesings ervaar word skriftelik dokumenteer.

5.7.1.4 Gebruik van 'n studierooster

Die aantal respondente wat van 'n studierooster al dan nie gebruik maak, word grafies in grafiek 25 voorgestel.

GRAFIEK 25

DIE GEBRUIK VAN 'N STUDIEROOSTER



5.7.1.5 Aantal vakke tydens een studiesessie bestudeer


Die aantal respondente wat tydens een studiesessie meer as een vak bestudeer, is 383 (47.6%), terwyl 421 (52.4%) respondente hulself toespits op die bestudering van net een vak.

5.7.1.6 Lengte van studiesessie

Die lengte van 'n studiesessie voordat die respondent 'n breek/kort pouse/rustydperk neem word in grafiek 26 grafies voorgestel.

GRAFIEK 26

LENGTE VAN STUDIESESSIE




5.7.1.7 Gebruik van opsommings

Die aantal respondente wat van opsommings gebruik maak terwyl hulle studeer, word in grafiek 27 grafies voorgestel.

GRAFIEK 27

DIE AANTAL RESPONDENTE WAT VAN OPSOMMINGS GEBRUIK MAAK



5.7.2 Besikbaarheid van studieruimte

Vanuit die respondente se response is dit duidelik dat 639 (79.6%) respondente oor 'n studieruimte van hul eie beskik, terwyl 126 (19.4%) respondente in sogenaamde openbare studieruimtes studeer. Hierdie onderverdeling word in tabel 15 uiteengesit.

TABEL 15

STUDIERUIMTE VAN DIE RESPONDENTE

SOORT STUDIERUIMTE	PERSENTASIE
Slaapkamer	40.5%
Koshuiskamer	20.3%
Studeerkamer	18.8%
Biblioteek	15.3%
Studielokaal	4.1%

5.7.3 Aspekte met betrekking tot die eksamen

5.7.3.1 Eksamentegnieke

Hierdie betrokke vraag het gepoog om die effektiwiteit van die respondente met betrekking tot die beantwoording van 'n eksamenvraestel, byvoorbeeld spasiëring en nommering te bepaal. Vanuit die response is dit duidelik dat die tegnieke vir die effektiewe beantwoording van 'n eksamenvraestel vir 143 (17.8%) respondente 'n probleem is, terwyl 656 (81.7%) respondente aandui dat hulle geen probleme ervaar nie.

By verdere ondersoek, is 'n steekproef van 200 eerstejaark-antwoordstels geneem en is gevind dat 85% van die steekproef egter met een of meer van die volgende aspekte fouteer, naamlik:

- die antwoordboek word nie korrek benut nie, deurdat die kantlyne geïgnoreer word;
- die antwoorde word nie duidelik, korrek en in ooreenstemming met die vraestel genommer nie;
- antwoorde word nie sinvol gespaseer nie;
- verskillende penne (kleur) word vir die beantwoording van afsonderlike vrae aangewend;
- sketse en tabelle is nie in potlood geteken nie;
- rofwerk word nie op die laaste bladsy gedoen nie maar vorm deel van die werklike antwoord.

Dit is vir die navorser duidelik dat die werklike handeling wat die respondente met betrekking tot eksamentegniese uitvoer, drasties verskil van hulle persepsie oor hulle eie vaardigheid. Volgens die navorser is die opleiding van alle eerstejaarstudente aan Technikon Pretoria met betrekking tot eksamentegniese 'n saak van dringendheid.

5.7.3.2 Verstaanbaarheid van vrae in toetse/eksamens

Die response van die respondente met betrekking tot die verstaanbaarheid van vrae in toetse/eksamens word in grafiek 28 aangetoon.


Deur die 432 (53.8%) respondente wat aangedui het dat hulle twyfel oor die betekenis van "dit wat van u verwag word" in 'n vraag gedurende 'n toets en/of eksamen se response verder te ontleed (vergelyk paragraaf 5.3.7.5), is gevind dat:

- 336 (77.7%) respondente aandui dat die vrae, volgens hulle, dubbelsinnig opgestel word;
- 76 (17.6%) respondente aandui dat hulle nie die woorde wat in die stel van vrae gebruik word verstaan nie;

- 16 (3.7%) respondente aandui dat hulle nie weet wat die dosent van hulle verwag nie;
- 4 (0.9%) respondente aandui dat die vroe wat in klastoetse, take, werksopdragte en die eksamen gebruik word verskil, deurdat die maklikes in die klastoetse, take en werksopdragte en die moeilikes in die eksamen gevra word, en die formulering van die vroe wat in klastoetse, take, werksopdragte en in die eksamen gebruik word verskil.

GRAFIEK 28

VERSTAANBAARHEID VAN VRAE IN TOETSE/EKSAMENS




5.7.3.3 Die bestudering van die leerinhoud vir 'n toets of eksamen

In grafiek 29 word die aantal respondente wat al die leerinhoud of slegs gedeeltes daarvan vir 'n toets of eksamen bestudeer grafies voorgestel.

GRAFIEK 29

DIE BESTUDERING VAN DIE LEERINHOUD VIR 'N TOETS OF EKSAMEN



5.7.4 Die lesinglokaal

5.7.4.1 Geleentheid om vrylik vrae aan dosent te stel

Die aantal respondente wat aandui dat hulle gedurende formele lesings die geleentheid gebied word om vrylik vrae aan die dosent te stel is 743 (92.4%), terwyl slegs 60 (7.5%) aandui dat hulle nie die geleentheid gedurende lesings gebied word om vrylik vrae aan die dosent te stel nie.

Deur die 60 (7.5%) respondente wat negatief gereageer het se response verder te ontleed (vergelyk paragraaf 5.3.7.4), is gevind dat hulle basies twee redes aanvoer waarom hulle reken dat hulle nie die geleentheid gebied word om gedurende 'n lesing vrylik vrae aan die dosent te stel nie, naamlik:

- 35 (58.3%) respondente reken dat die dosent onbeskof is deurdat hy onvriendelik is en jou verneder as jy dit sou waag om 'n vraag te vra;


- 25 (41.6%) respondente reken dat die dosent te kort van humeur is, met ander woorde hulle is bang om vrae te vra.

5.7.4.2 Die afneem van notas

In die onderstaande grafiek word die response van die respondente met betrekking tot probleme met die afneem van notas gedurende lesings grafies voorgestel.

GRAFIEK 30

**RESPONSE MET BETREKKING TOT DIE AFNEEM VAN NOTAS
GEDURENDE LESINGS**



Deur die 310 (38.7%) respondente wat reken dat hulle probleme ervaar in die afneem van notas gedurende 'n lesing se response verder te ontleed, is gevind dat hulle vyf redes aanvoer (vergelyk paragraaf 5.3.7.6), naamlik:

- 274 (88.4%) respondente dui aan dat hulle nie gelyktydig kan luister en skryf nie;
- 9 (2.9%) respondente dui aan dat hulle nie die dosent kan hoor nie;
- 18 (5.8%) respondente dui aan dat die taalkwessie veroorsaak dat hulle nie die dosent verstaan nie;


- 2 (0.6%) respondente dui aan dat hulle sukkel om te konsentreer en dus nie tyd het om te skryf nie;
- 7 (2.2%) respondente dui aan dat die dosent vanuit die voorgeskrewe handboek lees en dit daarom nie nodig is om notas te neem nie.

5.7.5 Klassifisering van die praktikumtoerusting/-fasiliteite van Technikon Pretoria

Die respondente se klassifisering van die praktikumtoerusting/-fasiliteite van Technikon Pretoria word in die onderstaande grafiek grafies voorgestel.

GRAFIEK 31

KLASSIFISERING VAN DIE PRAKTIKUMTOERUSTING/-FASILITEITE TE TECHNIKON PRETORIA




5.7.6 Klassifisering van die ondersteuning soos vanaf die dosente ontvang

Die klassifisering van die ondersteuning soos vanaf die dosente ontvang, word in grafiek 32 grafies voorgestel.

GRAFIEK 32

KLASSIFISERING VAN DIE ONDERSTEUNING SOOS VANAF DIE DOSENTE ONTVANG



‘n Samevatting van die respondente se response op Afdeling E van die vaelys, wat vrae 55 tot 56 en veranderlikes 122 tot 176 omsluit, word vervolgens verskaf en kortliks bespreek.

5.8 VRAELYSRESPONSE VIR AFDELING E: Algemeen

Vrae in hierdie afdeling was daarop gemik om te bepaal watter aspekte/faktore ‘n negatiewe invloed op die akademiese prestasie van die respondente uitoefen. Die reaksie van die respondente op die 54 moontlike aspekte wat gelys is, word in prioriteitsvolgorde (persentasiegewys van hoog na laag) in die onderstaande tabel weergegee.



TABEL 16

**FAKTORE WAT NEGATIEF OP DIE AKADEMIESE PRESTASIE VAN DIE
RESPONDENTE IMPAKTEER**

NOMMER	ASPEK	JA (%)
1	Gebrekkige kennis/agtergrond van 'n bepaalde vak se kern-woorde, begrippe en konsepte	73
2	Die moeilikheidsgraad van die leerinhoud	66
3	Die hoë werkslading van tersiêre studies	63
4	Spanning en stres	62
5	Onvoldoende akademiese oriëntering	61
6	Die verskillende wyses waarop dosente hul lesings aanbied	60
7	Onsekerheid oor wat die dosent van my verwag	60
8	Oneffektiewe studiemetodes en -tegnieke	59
9	Die tempo waarteen leerstof afgehandel word	57
10	Groot groepe studente in een klasgroep, dit wil sê klasgrootte	56
11	Onvoldoende akademiese ondersteuning/ ontwikkelings-kursusse	56
12	Swak konsentrasie in die lesinglokaal	56
13	Onkunde ten opsigte van eksamentegnieke en -metodes	55
14	Onvoldoende kennis rakende die effektiewe gebruik van rekenaars	55
15	Gebrek aan motivering	53
16	Lang tydsverloop met betrekking tot die bekendmaking van byvoorbeeld toetspunte	53
17	Negatiewe dosent-studentverhouding	53
18	Sosiale eise wat aan die individu gestel word	53
19	Onvoldoende studietyd	52



NOMMER	ASPEK	JA (%)
20	Finansiële probleme	51
21	Onvoldoende steun/hulp van dosente	50
22	Stakings en boikotte	50
23	Studente-onrus	50
24	Die gebruik van Afrikaans as medium van onderrig	49
25	Die hoeveelheid toetse, take en werksopdragte	48
26	Gebrekkige belangstelling in vak/ke	48
27	Onkunde/onsekerheid met betrekking tot die suksesvolle afhandeling van take en werksopdragte	48
28	Persoonlike probleme	48
29	Swak dissipline ten opsigte van studietye	48
30	Afwesigheid van die praktyk in die lesinglokaal	47
31	Onduidelike opdragte van dosente	46
32	Onduidelike opdragte in studiegids	46
33	Laatkommery deur ander studente	45
34	Onvoldoende fasiliteite/toerusting byvoorbeeld rekenaars	44
35	Kommunikasievaardighede en -tegnieke	42
36	Probleme met geskikte studieruimte	42
37	Die afneem van notas in die lesinglokaal	41
38	Afwesigheid van dosent vir lesings	40
39	Nie-gereelde klasbywoning	40
40	Handboeke wat net in Afrikaans beskikbaar is	39
41	Handboeke wat net in Engels beskikbaar is	39
42	Die samestelling/formaat van die studiegids	38
43	Leesprobleme	35
44	Onkunde om effektief van die biblioteek gebruik te maak	35
45	Swak taalvaardighede, byvoorbeeld lees en skryf	34
46	Die gebruik van Engels as medium van onderrig	32



NOMMER	ASPEK	JA (%)
47	Die nie-beskikbaarheid van dosente	32
48	Verkeerde studierigting	30
49	Ander etniese groepe	27
50	Die sosiale en/of kulturele en/of sportaktiwiteite te Technikon Pretoria	26
51	Die voorbeelde wat die dosent gebruik	22
52	Ander kulture	20
53	Ander gelowe	16
54	Die gebruik van 'n sakrekenaar	14

Die laaste vraag (vraag 56) van die vraelys het aan die respondent die geleentheid gebied om enige ander aspek, wat nie in die vraelys vervat is nie, maar negatief op sy/haar akademiese prestasie impakteer, te verskaf. Soos gestel in paragraaf 5.3.7.7 is die response in twaalf kategorieë geklassifiseer wat vervolgens uiteengesit word.

Die betrokke vraag (vraag 56) is deur 177 (22.1%) respondente ingevul waarvan:

- 33 (18.6%) respondente reken dat die blanke dosente swak en onbeskofte houdings/gesindhede teenoor swart studente openbaar;
- 29 (16.4%) respondente reken dat dosente ongeduldig en kort van humeur is;
- 24 (13.6%) respondente reken dat die dosente rassisties is;
- 22 (12.4%) respondente reken dat dosente Afrikaans as medium van onderrig gebruik en ook 'n Afrikaanse voorgeskrewe handboek gebruik, terwyl die hele groep studente Engelsprekend en oorwegend swart is;
- 18 (10.2) respondente reken dat studente toegelaat word om lesings te ontwig deur byvoorbeeld laat te kom, te dobbel terwyl die lesing aan die gang is en by lesinglokale in te loer en hulle vriende te roep om die lokaal te verlaat;



- 16 (9.0%) respondente sien die dosent as apaties deurdat die dosent sy/haar lesing aanbied en dan verdwyn;
- 11 (6.2%) respondente reken dat hulle honger, moeg en arm is deurdat hy/sy geen ondersteuning van sy/haar ouers/voogde kry nie;
- 11 (6.2%) van die respondente reken dat daar 'n gebrek aan respek teenoor dames (veral oor die kleurgrens heen) heers;
- 7 (3.9%) van die respondente reken dat die dosent Engels as medium van onderrig gebruik terwyl die hele groep Afrikaanssprekend is;
- 7 (3.9%) respondente reken dat hulle eensaam is en dus alleen moet studeer;
- 7 (3.9%) van die respondente toon aan dat daar probleme in die koshuis is;
- 1 (0.6%) respondent reken dat hy/sy nie oor die energie beskik om te studeer nie.

5.9 SAMEVATTING

Gedurende die verloop van hoofstuk 5 is die:

- prosedure vir die uitvoer van 'n behoeftebepaling kortliks beskryf;
- vraelys as navorsingsinstrument breedvoerig aan die orde gestel;
- vraelysresponse vir al 5 afdelings van die vraelys weergegee en kortliks bespreek.

In die hieropvolgende hoofstuk word akademiese ontwikkeling op 'n holistiese wyse benader ten einde die geïdentifiseerde spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat die eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria ervaar aan te spreek en oplossings aan die hand te doen.